

Sondag 31 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium
32:1-47

Fokusgedeelte: Deuteronomium
32:6, 11

Gedra op arendsvlerke!

Ons het so pas die laaste “preek” van Moses, die man van God, gelees. Kort hierna het hy die berg Nebo opgeklim, en die HERE het hom die beloofde land in die verte laat sien, en hom laat sterf. Die HERE het hom ook self begrawe.

Wat sou jy, indien jy vir oulaas kon preek, in jou laaste preek wou sê? Moses laat die klem val op die verhouding tussen God en ons. Hy het jou geskape, jou toeberei (geseën met al die gawes en middele wat jy vir jou aardse lewe nodig het). “Die HERE is my herder, ek ly nie gebrek nie” (Ps. 23:1, Die Direkte Vertaling)

Maar, één ding het die HERE ons nie gegee nie – om oor onself te regeer, om absoluut selfstandig te wees. Ons bly skape, skepsels. Ons bly absoluut afhanklik van Hom.

Die beeld van die arend en haar kuikens maak hierdie feit, met al die genade van die HERE daaraan verbonde, vir ons duidelik. Wanneer die arend haar kuikens uitgebroei en grootgemaak het in haar nes hoog teen ’n loodregte krans, moet hulle leer vlieg. Dan skop sy die kuiken wat gereed is, letterlik uit die nes uit. Die kuiken sprei sy vlerke instinktief, en begin dan fladderend en onge oefen die loodregte krans aftuimel ... Dan, net voor hy homself te pletter val, swiep die arendwyfie onder die kuiken in, sodat hy aan haar rug kan vasgryp. So dra sy hom dan weer veilig tot bo in die nes.

Moses beklemtoon dit vir ons baie mooi met hierdie beeldspraak dat ons dikwels al te selfstandig, los van die HERE, wil leef. Dan struikel en val ons. In sy genade in Christus Jesus keer Hy egter altyd dat ons ons te pletter val. Hy neem ons altyd weer onder sy vleuels van beskerming (Ps. 91:4). Totdat oplaas ons opgeneem word in sy heerlijkheid!

Sing: Psalm 91-1:1, 2

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)